

Dinsdag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 33:50-56

Fokusgedeelte: Numeri 33:55

Afgode is soos duwweltjies – jy moet dit volledig uitroei

Jy weet mos wat gebeur as jy een bossie duwweltjies in jou grasperk laat oorbly het. Soos die tyd verloop, word die duwweltjies 'n pes in jou grasperk. As jy in die duwweltjies trap, bly daar altyd een agter wat jy net nie afgeskud kry nie. Elke keer wat jy op jou voet trap, pla daardie dorinkie jou.

Afgode is die duwweltjies van jou geloofslewe. As jy toelaat dat 'n afgod in jou lewe groei, word dit soos 'n duwweltjie in jou voet. Elke keer wat jy jou afgod dien, kruip dit net dieper onder jou vel in en pynig dit jou lewe. Daardie afgod kan enigiets wees wat jy bo of saam met God probeer dien. Enigiets waarvoor jy 'n bietjie meer lief geword het as vir God.

Afgode is soos duwweltjies. Jy moet dit volledig uitroei. Daarom kry Israel die opdrag: "Julle moet al die afgode en afgodsbeelde in die land Kanaän volledig uitroei." Hulle moes in 'n volledig skoongemaakte land 'n totaal nuwe lewe begin waarin hulle God moes liefhê en dien. As hulle gehoorsaam aan God lewe, sou dit hulle rus en vrede gee in die land van Rus, Kanaän.

Jou geloof in Jesus Christus beteken dat jy net soos Israel 'n volledig nuwe begin maak het. Jou rus en vrede en blydskap lê in gehoorsaamheid aan Jesus Christus. As jy jou oog wegdraai van Jesus Christus en op iets anders rig, kry jy 'n splinter in jou oog en dit sal jou seermaak totdat jy dit volledig uit jou lewe uitgeroei het.

Breek volledig met sonde in jou lewe, en leer by Jesus om elke dag te bid: Lei my nie in die versoeking nie, maar verlos my van die Bose.

Sing: Psalm 81-1:10, 12

Ds. DJ Bakker (Daan) (Boksburg)